[PROMOSIE] BUNDI ADVENTURES

Herontdek jou innerlike kind en kom roei saam op die Breërivier. Foto's: NATALIE GABRIELS

Bundi se Breërivier-roei net die ding vir natuurliefhebbers

CHERÉNE PIENAAR

Om die N1 op 'n Vrydag ná werk aan te durf, sal menige mens se moed laat sak, maar halfpad na Bundi Adventures besef jy gou dat die Boland se natuurskoon met sy nimmereindigende wynplase dit die moeite werd maak. Vou die kaart duskant Worcester oop; en voordat jy "GPS" kan sê, staan jy op die netjiese loopbrug wat na die Bundi-onthaalhoutdek lei. Saam met die aroma van 'n geurige roerbraai in die lug word jy verras met die asemrowende uitsig van die Breërivier, met die Hexrivier-berge op die agtergrond.

Die loopbrug lei ook na die slaapeenhede wat ruim en netjies is en, al voel jy soos 'n bosbewoner met die rivier reg onder jou, is daar steeds die luukse van warm storte en spoeltoilette.

Die kamers is goed ingerig en hiér slaap jy soos 'n rivierklip.

Vroeg die volgende oggend word 'n eersteklas-ontbyt bedien.

Die busrit na die beginpunt waar die bote wag om geroei te word, dra by tot die opwinding. Al die voorsorgmaatreëls laat 'n mens wonder of jy enigsins vandag droog gaan bly, maar hoekom sou jy wou in hierdie pragrivier met al sy avontuurlike kanale en mensgemaakte klipmure, oftewel dwarswalle, wat die water laat opdam.

Me. Stephny Schreuder, 'n vryskuttoergids, noem dat ons gelukkig is, want vandag is daar 'n stertwind wat, saam met die suidoostelike vloei van die 12,8 km lange gedeelte van die Breërivier, ons 'n lekker hupstootjie sal gee.

Nét 800 m by die rivier af en die eerste dwarswal wag ons in. Spanwerk is die wagwoord, want die agterste roeier is die stuurwiel, en die voorste een die enjin.

Die natuur se waterwurm tuimel ons effens, maar nie so erg dat dit 'n stadsjapie sal afskrik nie. As jy egter meer avontuurlustig voel, kan jy self afgly en soos 'n wasmasjien getol word.

Die stiller gedeeltes maak jou weer rustig en dis hier waar die rivier se gemurmel jou wegvoer sodat jy jouself vang in die verte staar of diep wil duik in die verfrissende water van die Breërivier.

Dit is nie jou verbeelding as jy voel jy word dopgehou nie – visarende, uile en ape is maar net enkele van die gaste wat jou vergesel al langs die rustige rivier met sy skelm S-draaie.

Etenstyd hou ons stil by 'n oewer en die toergidse tower 'n heerlike ete op wat bestaan uit hamburgers en verskeie bykosse. Dié lafenis word slim op 'n "tafel" van twee omgekeerde bote bedien.

Die laaste helfte gaan 'n bietjie vinniger, en asof die natuur jou in ag neem, is die paadjie huis toe beskut deur dik bosse wat 'n koel skadudak teen die skroeiende middagson bied.

Dit is hier waar vriendskapsbande gesmee word.

Moeder Natuur se kinders is jou metgeselle langs die Breërivier.

Die houtchalets is goed ingerig. Elk het sy eie badkamer.

Kom maak 'n bietjie die hare los by Bundi Adventures.

By Bundi gooi jy al jou sorge in die rivier. Geniet die roei op jou eie of saam met die mense na aan jou hart.

Die etes by Bundi is van die boonste rak.

Jy kan met enigiets, van hamburgers tot roerbraai, verras word.

Laat sak stadsmasker en geniet rustigheid

Me. Stephny Schreuder vertel dat Bundi Adventures in 1995 gestig is. Die eienaar, mnr. Paul Rode, het toe die onderneming begin om sy studies aan die Universiteit Stellenbosch te betaal.

Hy het 'n jaar later Orange River Adventures uitgekoop. Daarna, in 2005, het hy die bekendste en oudste rivieronderneming in Suid-Afrika, The River Rafters, uitgekoop.

- In 2006 sien Bundi Produksies, 'n musiek en klankonderneming, die lig met mnr. Alex van Dyk. Hierdie maatskappy spesialiseer in buitelug-musiekproduksies vir byeenkomste waar meer as 150 mense saamkom. Ramfest is een van die feeste waar Bundi verantwoordelik was vir die musiek, ligte en klankproduksie vir 1 000 mense.
- In 2007 is Bundi Overland Charters met mnr. F.C. Conradie aan die stuur van sake geformuleer.

Hierdie onderneming spesialiseer in pasgemaakte voertuie vir kamptoere. In Desember 2009 het hulle onder meer vir MK 'n toer vir 120 mense langs die Ooskus gedoen en alle verblyf, storte, toilette en kos vir die toer veskaf.

- In 2009 is Bundi Teambuilding, onder leiding van me. Minette Oelshig, gestig. Die fokus van hierdie maatskappy is om vir korporatiewe ondernemings te help om hul kommunikasie te verbeter.

Die rustigheid wat oor jou sak wanneer jy deur die smal kanale roei maak dit 'n ideale manier om te vergeet van die telefoon op kantoor en jou innerlike kind te herontdek.

Omdat die Breërivier die rustige een van die drie riviere is, kan kinders van so jonk as vyf jaar saamroei en deel wees van hierdie andersoortige gesinservaring. Jy kan vooraf reël watter etes wanneer bedien moet word.

Koste vir roei (volwasse pryse, kinders kry afslag):

- 'n halwe dag is R500
- een dag is R595
- een dag en een nag R825
- twee dae/naweek R1225

Ry 'n Kaapse draai:

- 136 km vanaf die Kaap op N2
- 15 km vanaf Worcester of R43

Wat 'n fantastiese ervaring. Dit is die ideale wegbreek, en 'n mens kan nie anders as om die natuurskoon te geniet nie. – Marco Kischke, Duitsland

Bespreek 'n Breërivier-naweek

By Bundi aan die Breërivier kan jy in een van die luukse houtchalets, elk met sy eie badkamer, bly, of jy kan kampeer. Albei opsies word met of sonder rivierroei aangebied.

Daar is ook slaapsale vir skool- of groter groepe. Die sogenaamde avontuurpakkette bied fantastiese geleenthede om jou naweek of afdag onvergeetlik te maak. Etes is ingesluit, en jy kan voor die tyd reël wat die spyskaart alles moet bevat. Skakel gerus een van die konsultante by ☎ 021 975 9727 of stuur 'n e-pos na admin@bundi.co.za vir besprekings. Besoek ook die webtuiste by www.bundi.co.za vir meer inligting.